

16 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 21:17-36

Liefde en Haat

In hierdie gedeelte sien ons enersyds iets van Paulus se geloofsvolwassenheid om ter wille van die liefde (as geen beginsel van die evangelie op die spel is nie) soepel op te tree en ander se oortuigings te respekteer. Andersyds kom die Jode se haat teen die evangelie (en Paulus) tot 'n uitbarsting.

Na die hartlike ontvangs deur die broeders in Jerusalem (vers 17) doen Paulus verslag oor die uitdra van die evangelie. Wat Paulus bereik het, word gesien as die gevolg van God se seën op sy werk. 'n Dringende probleem moet aangespreek word, naamlik allerhande "skinderstories" dat hy die Jode en Jode-Christene sou aangehits het om nie meer Moses se wette te onderhou nie (vers 21). Om aan te toon dat dit nie waar is nie, willig Paulus in om mee te doen aan 'n Joodse seremonie wat sy positiewe houding teenoor die Joodse wette sou belig. Oor die inhoud en aard van die seremonie het ons nie duidelikheid nie. Dit gaan oor reinigingshandeling na die aflê van 'n nasireërgelofte. Om hieraan mee te doen, het vir Paulus geen enkele beginsel van die evangelie in die gedrang gebring nie. Elke gelowige moet leer onderskei waarop dit aankom, wat regtig beginsels is en wat nie afbreek doen aan die vryheid in Christus nie. Dit hoort tot die kuns van 'n Christelike lewe.

Onder aanhitsing van Jode uit Asië ontstaan 'n massaoproer waarin hulle hul opgekropte woede teen Paulus (en die evangelie) tot uiting bring. Weer gebruik Satan die tegniek van massaopsweping teen die evangelie (vgl 19:23 ev). Dit is ironies dat Paulus, juis toe hy besig was met 'n Joodse reinigingsoffer, daarvan beskuldig word dat hy die tempel en sy seremonies ontreinig. Die Jode het Paulus uit die tempel gesleep en hom begin slaan (verse 30-31). Sonder die ingrype van Romeinse soldate sou hulle hom sonder om hom te verhoor net daar vermoor het. Vir sy eie veiligheid neem die soldate Paulus in hegtenis. Lukas se verhaal toon die groot ooreenkoms tussen Paulus en Jesus. Soos Jesus is hy 'n gevangene as gevolg van en vir die waarheid van God en sy koninkryk. Dit is wat die heerskappy van Jesus Christus vandag nog in die praktyk van ons lewe beteken: ons is deur die waarheid van God gebind. God se Woord is nie gebind nie. Vyandskap en haat kan gelowiges na konsentrasiekampe verban, maar sy Woord kan in geen gevangenis opgesluit word nie. Ook die geweld moet dien tot seën van Christus, wat eenmaal sal heers tot die einde van die aarde. Glo jy dit?

Sing: Psalm 145:10

Prof F Denkema (Potchefstroom)